NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 17 – Uitgawe 1
1 Februarie 2024

# Die *Blitspos*-resep

**Ek het al baie gewonder hoe ’n kosresep ontstaan. Ek vermoed dis óf iemand wat op ’n dag ’n blink gedagte gehad het, óf bloot net ’n reeks toevallighede.**

Kom ons vat nou ons baie tradisionele en baie heerlike bobotie. Ek kan my nie indink dat iemand op ’n dag besluit het om vla bo-oor kerrievleis te gooi en dit dan in die oond te bak nie. Ek vermoed dat die proses eerder so-iets verloop het: Iemand was besig om aandete voor te berei. Die aandete sou bestaan uit ’n maalvleisgereg met gestoofde vrugte en vla as nagereg. Omdat die kinders al om Ma se rokpante geneul het, het sy ’n bietjie deurmekaar geraak en die vla bo-oor die maalvleis gegooi in plaas daarvan om dit oor die gestoofde vrugte te gooi. Omdat daar nog tyd en nog bestanddele was om iets anders te maak, het sy die maalvleis en vla in die oond gedruk in ’n poging om haar foutjie te verdoesel.

Die eindresultaat was toe nie te onaardig nie en Skoonma, wat daardie aand kom kuier het en altyd haar neus in sake moes druk, het toe voorgestel dat die maalvleis beter sal proe as dit gekerrie is. En so het bobotie ontstaan. Die naam het gekom omdat ’n klein *booboo* (’n *booboo*-tjie*)* verantwoordelik was vir die smaaklike dis. Nog later het iemand sultanas in die vleismengsel gegooi, iemand anders het suurlemoenblare opgerol en in die mengsel gedruk voordat dit gebak word, en so het bobotie ontwikkel tot wat dit vandag is.

Ek wil hierdie nonsensstorie oor die moontlike ontstaan van bobotie gebruik as analogie vir die wenresep wat *Blitspos* maak wat hy vandag is. Prof Piet van der Merwe het ’n e-pos vol nuusbrokkies oor die wel en die wee van die Kerk begin versprei in die vroeë 2000’s. Dalk het hy bedoel om dit net onder sy kollegas by die Fakulteit Teologie te versprei maar, per ongeluk, op ’n dag ’n verkeerde knoppie gedruk en die nuusbrokkies aan almal in sy adresboek gestuur.

Of dit so was, sal niemand weet nie, maar die uiteinde was dat hierdie nuusbrokkies ’n lewe van hul eie begin kry het. Eers het dr Fanie Pretorius, destyds sekretaris van die Kommissie van die AKV, die Kerknuus uitgestuur. Langs die pad is verskillende bestanddele bygevoeg tot die mengsel van nuus en wetenswaardighede, die eerste formele naam *e-Hervormer* het later *Blitspos* geword, maar die kernbestanddeel, kommunikasie oor die dinge van die Kerk in ’n kort en toeganklike formaat, het dieselfde gebly.

*Blitspos* betree op 1 Februarie sy 17de jaargang. Langs hierdie pad het verskillende mense byvoegings gemaak tot die formaat waarin *Blitspos* tans verskyn. Vir die afgelope klomp jaar neem Tessa Oppermann as produksiebestuurder ten volle verantwoordelikheid vir die inhoud van elke uitgawe. Bo en behalwe die samestelling en versorging van die res van die inhoud, reël sy dat relevante en prikkelende voorblaaie geskryf word. Iets waarna ek elke week uitsien, is die gedig en gebed wat Tessa met groot keurigheid uitsoek. Die gebede, veral, is baie uniek, want Tessa vertaal hulle in die mooiste Afrikaans.

Sydney J Harris het gesê dat die twee woorde *inligting* en *kommunikasie* baiekeer as uitruilbare begrippe gebruik word. Hulle het egter baie verskillende betekenisse: Inligting is om iets te versprei, kommunikasie is om iets te laat deurdring tot iemand.

Dat *Blitspos* week in en week uit loshande die item is wat die meeste van die webwerf van die Kerk afgelaai word, is vir my bewys daarvan dat die *Blitspos*-resep, soos hy oor jare ontwikkel het en verfyn is, werk. *Blitspos* is nie maar net ’n klomp inligting nie, hy *kommunikeer!*

**Ds Etienne Fourie**
**Emeritus en subredakteur: *Die Hervormer* en *Blitspos***

Om *Blitspos* te ontvang, stuur ’n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

## Lief en leed

- **Ds Martin Slabbert** van Gemeente Philadelphia se vader is Dinsdag 30 Januarie oorlede. Ons innige simpatie gaan aan ds Slabbert en sy familie. Meer inligting was ongelukkig nie beskikbaar voor publikasie hiervan nie.



Ds Markus Pretorius en gesin

- **Ds Markus Pretorius** is op 28 Januarie in **Gemeente Weltevreden** bevestig deur ds Wouter van Wyk van die NG gemeente Kempton Kruin. Die verwelkoming namens Weltevreden is gedoen deur die skriba, dr Danie Jansen van Rensburg. Dr Wouter van Wyk het 'n groeteboodskap namens die Kommissie van die AKV gelewer, en dr Gerhard Nel 'n verwelkoming in die ring van Roodepoort. Ringspredikante wat teenwoordig was, is dr Gerhard Nel (Horison Roodepoort), ds Annerie Conradie (Culembeeck) en ds Kobus Pienaar (Kruin). Na die erediens het die gemeente gesellig saamgekuier.

- **Die volgende predikante verjaar tot 9 Februarie, en word hartlik geluk gewens:**
  - Donderdag 1 Februarie: Di JS (Fanie) Naudé (79) (emeritus/Greylingstad) en AM (Andries) Nel (67) (emeritus)
  - Saterdag 3 Februarie: Ds MH (Tinus) Mc Donald (64) (siekte-emeritaat)
  - Sondag 4 Februarie: Ds C (Chantelle) Maree (33) (Meyerton-Suid)
  - Maandag 5 Februarie: Ds L (Lisa-Mari) Prinsloo (39) (Centurion-Oos)
  - Dinsdag 6 Februarie: Dr AMT (Andorette) Hill-Jowett (56) (siekte-emeritaat) en ds JA (Johan) Holtzhausen (58) (Vryburg)
  - Donderdag 8 Februarie: Ds AJH (Jakkals) Janse van Rensburg (67) (emeritus/Paarl)
  - Vrydag 9 Februarie: Di D (Dolf) Bester (35) (ampsvoorreg/nie-diensdoende), IF (Erika) Ferreira (33) (ampsvoorreg/nie-diensdoende), LH (Lydia) Miller (52) (Villiers), F (Ferdie) Nortjé (61) (siekte-emeritaat) en F (Freddie) Nortjé (61) (emeritus/Bergsig)

## Gemeentes en bediening



Ds Gerhard Viviers

- **Ds G (Gerhard) Viviers** van Wolmaransstad het 'n beroep ontvang na Lichtenburg.

- **Ds MJ (Martin) Fouché** (emeritus) het 'n beroep ontvang na Riebeeckstad (deeltyds).

- **Gemeente Montana-Oos: Vakante pos vir voltydse orrelis.** Belangstellendes kan hul CV stuur aan die skriba, oudl Johan Emmenis, by **johan.emmenis@gauteng.gov.za** of kontak hom by 060 546 7438 of vir Susan Schoonbee by 082 411 5464 tydens kantoorure (08:30-12:00). Die voordele sal met die kandidate bespreek word. Die kerkgebou is geleë in Kameeldriftweg, Derdepoort, Pretoria (Roodeplaatdam/Kameeldrift-Oos-area).



Ds Martin Fouché

## Vergaderings

- Vrydag 2 Februarie: Moderamen
- Vrydag 9 Februarie: Oudit- en Risikokomitee

## Hervormde Teologiese Kollege

- Die **opening van die HTK** vind op **14 Februarie om 10:00 by Gemeente Philadelphia** plaas. Die prediker is **dr Thinus van Staden** en **ds Marina Kok-Pretorius** sal 'n referaat lewer oor *'n Ruimtelike perspektief op Boek IV van die Psalms: Herinnering en verbeelding in Psalms 90 tot 92 en Psalms 105 tot 106*. **Dr Thinus van Staden** lewer 'n groeteboodskap **namens die Kuratorium** en **prof Jaco Beyers namens die Fakulteit**. 'n Vingerete word na afloop van die verrigtinge in die saal bedien. Almal is welkom en belangstellendes wat die oggend wil bywoon, moet by Clarika Hattingh – **clarikah@nhk.co.za** – bevestig.

# Kerklike en ander publikasies




- In die **Januarie/Februarie 2024-uitgawe van *Die Hervormer*** skryf **ds Hannes van der Merwe** oor die Merriam-Webster-woordeboek se woord vir 2023: *authentic*. Die woord het die Afrikaanse vertalingsmoontlikhede van *eg*, *opreg*, *outentiek*, *geloofwaardig* en *betroubaar*. **Dr Johan van Staden**, redakteur, skryf oor fopnuus en disinformasie en maan ons: *Wees ontvanklik en luister met belangstelling, maar doen dan jou eie ondersoek en toets dit wat jy hoor aan die oorspronklike bron – of minstens aan 'n ander betroubare bron. Die waarheid is immers nie heeltemal so relatief en vloeibaar as wat sommige ons wil laat glo nie.* **Ds Yolandé de Lange** raak die kwessie van dalende kerkbywoning aan en sê ons moet daarna streef om lewende, toegewyde lidmate te wees, want ons is deel van 'n familie, 'n geloofsgemeenskap – 'n plek waar ons kan behoort. **Prof Tanya van Wyk** dink na oor mense se vrees vir verandering, en kom tot dié gevolgtrekking: *Vir ons – gelowiges – word die onbekende op 'n manier "bekend", omdat ons die reis nie alleen aanpak nie. Miskien wag daar wel teleurstelling op ons. Miskien is daar 'n groot verrassing. Ons kan dit nie weet nie. Geloof is om die eerste tree te neem, die onbekende in. Die res laat ons volledig aan God oor.* Bykomend tot die verspreiding van die gedrukte weergawe van *Die Hervormer*, word die artikels van elke uitgawe **op die Kerk se webblad** geplaas, en 'n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes beskikbaar gestel.







- Bestellings vir **Eric A Hermanson se boek *Lighting the lamp on the pathway of life: A journey through Bible Translation in Southern Africa*** kan nou reeds aanlyn ***hier*** op die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se webwerf geplaas word teen die **spesiale voorafbestellingsprys van R199** (BTW ingesluit). Die bekendstellingsprys sal R299 wees. **Bestel asseblief voor 28 Maart** – die boek word Maandag 1 April 2024 vrygestel. Die **afleweringskoste in Suid-Afrika is R99** vir een of meer boeke.

## 'n Gedig

Boerneef het 'n woord laat val
oor die berggansveer by Wuppertal
en ek en jy dwaal deur die Tra-vallei
op soek langs watervore, in stegies,
by die skoenfabriek en spierwit huisies;
waar aartappelplanters vore spit,
in die begraafplaas waar Leipoldt
se oupa lê, om die gewelkerk en uiteindelik
met die Pakhuis langs tot by L se graf
waar al die veld nog vrolik is –
soek ek 'n woord
dat ek
vir jou kan sê
hoe diep my liefde vir jou lê.

**Dolf van Niekerk**
(Uit: *Lang reis na Ithaka*, 2009)

## Toerusting

- Aansoeke uit Suid-Afrika en Kenia kan nou ingedien word vir die **opleidingsprogramme vir 2024-2025 van die WCRC** (World Communion of Reformed Churches) se Global Reformed Advocacy Platforms for Engagement (GRAPE). Dié wêreldwye inisiatief doen voorspraak vir ekonomiese geregtigheid en die bevordering van vrede, in samewerking met plaaslike kerke. Die **sluitingsdatum vir aansoeke is 11 Februarie 2024**, en die onderhoude met die kandidate op die kortlys sal tussen 20 en 23 Februarie 2024 gevoer word. In-persoon-ontmoetings met die geselekteerde kandidate sal in Johannesburg en Kaapstad plaasvind, en die kandidate moet in staat wees om internasionaal te reis. Meer inligting en die inskrywingsvorm is ***hier*** beskikbaar.

## Barmhartigheid

- **Deurkollekte Sondag 11 Februarie 2024 ten bate van die NHSV Studieleningsfonds.** Die NHSV, as diensorgaan van die Kerk, gee ook aandag aan die groei van Suid-Afrika se belangrikste hulpbron – sy jongmense. Dit is waarom die NHSV Hoofbestuur studielenings toeken vir tersiêre studies in enige studierigting aan studente van die NHKA. Ons ken beurse toe vir merietegevalle sowel as aan studente met besondere prestasies in akademie, kultuur en sport. Die NHSV ondersteun jaarliks tussen 40 en 65 studente wat aan universiteite oral in Suid-Afrika studeer. **Sondag 11 Februarie 2024** kry elke lidmaat die geleentheid om 'n bydrae tot hierdie verdienstelike saak te maak. Deur middel van 'n spesiale deurkollekte in die gemeentes van die Kerk, kan u help om die Studieleningsfonds van die NHSV te versterk.

  Ons dank en waardering aan die Kommissie van die AKV vir volgehoue ondersteuning en vir die goedkeuring om jaarliks die tweede Sondag van Februarie die geleentheid te mag benut om gemeentes te vra om hul deurkollekte af te staan aan die NHSV se Studieleningsfonds.

  Ons is baie dankbaar vir die bedrag van R128 709,94 wat gemeentes bygedra het vir die deurkollekte van Februarie 2023. Danksy die oop hand van gemeentes, is 'n totale bedrag in 2023 van R479 500 toegeken aan 41 aansoekers vir studieleningsfondse, merietebeurse en prestasiebeurse. Die deurkollekte van 2024 gaan, soos in die verlede, ten volle aangewend word vir Studieleningsfondse aan studente in 2024.

  Gemeentes moet asseblief die onderstaande bankbesonderhede gebruik vir die deurkollekte se inbetalings:

  | | |
  |---|---|
  | Bank: | ABSA |
  | Rekeningnaam: | NHSV Hoofbestuur |
  | Rekeningnommer: | 4051454181 |
  | Takkode: | 632005 |
  | Verwysing: | Gemeente se naam + deurkollekte |

  Byvoorbaat dankie vir u ondersteuning vir ons Kerk se studente!

- **Vakature vir Professionele Assistent: Diakonaat.** Aansoeke word ingewag vir die vakante pos van die professionele assistent: diakonaat. Die suksesvolle kandidaat sal gedeeltelik vanuit 'n tuiskantoor werk, maar ligging in Pretoria of Krugersdorp en omgewing is nodig vir in-persoon-kantoorwerk en vergaderings. Die pos word gedeel deur die ADV-kantoor van die NHKA, Rata Maatskaplike Dienste, die Kinderhuise van die NHKA en Plesion NPC.

  **Posbeskrywing**
  'n Persoon met 'n passie vir barmhartigheid word benodig as professionele assistent, van wie onder andere verwag word om goeie administratiewe vaardigheid toe te pas in terme van kantoorbestuur, uitvoer van administratiewe take oor 'n wye terrein van diakonale werk, skakeling met gemeentes, skakeling met direksies van maatskappye, opstel en versorging van amptelike dokumente, liassering en die bestuur van elektroniese platforms (bv Zoom).

**Vereistes**

- Uitstekende administratiewe vaardigheid en akkuraatheid.
- Volledige tweetaligheid in Afrikaans en Engels, sowel gesproke as geskrewe taal.
- Goeie vaardigheid in die gebruik van Microsoft Word en Outlook.
- Rekenaarvaardigheid (Microsoft Word, Outlook, PowerPoint, Excel, PDF, Zoom, ens).
- Vermoë om onafhanklik te werk en goeie tydsbestuur toe te pas.
- Vermoë om vergaderings te reël en organiseer, sowel via elektroniese platforms as in-persoon-vergaderings.
- Oordrag en aanbieding van inligting.
- Volg van instruksies, prosedures en prosesse.
- Besluitneming en inisiëring van aksie.
- Vermoë om onder druk te werk.

**Kwalifikasies en ondervinding**

- Matrieksertifikaat.
- Diploma/kursus in administratiewe/sekretariële werk.
- Microsoft Word – gevorderde gebruiker (*power user*).
- Geldige rybewys.
- Minimum drie jaar ervaring in ’n administratiewe rol.
- Werk in ’n omgewing waar vertroulikheid en sensitiwiteit uiters belangrik is.

**Vergoedingspakket**

- Voltydse pos met markverwante en onderhandelbare vergoeding.
- Reiskoste ten opsigte van kantoorwerk en vergaderings sal onderhandel word.
- ’n Skootrekenaar word voorsien, terwyl internetkoste en telefoonkoste vergoed word op grond van onderhandeling met die suksesvolle kandidaat.

**Sluitingsdatum vir aansoeke is 7 Februarie 2024.** CV’s met ’n motiverende skrywe en kwalifikasies moet gestuur word na **info@rata.org.za**.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Yvonne Willemse of matrone Jenny Wesson by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  Enkelwoonstel (*bachelor*): R495 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 of 083 308 0520 (08:00-12:00) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. Deposito van twee maande huur betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Fondsinsamelings

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur ’n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur ’n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste van advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.

## *Sweet sixteen*, Blitspos!

**Hi. Ek is ’n tiener in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Ek hou van gesels en vertel graag van my Kerk. Op 14 Februarie 2024 word ek 16. *Sweet sixteen* – so sê my oupa Kerk en Ouma Gemeente.**



14 Februarie 2008

In hierdie uitgawe...
Voorblad:
Die eerste e-Hervormer gepubliseer
Kerknuus:
Beroepenuus
Nuus van Predikante
Gemeentenuus
Volgende week in die Kerk
Algemene Nuus
Kennisgewings en Advertensies
Agterblad

e Hervormer
www.hervormer.co.za

Voorblad

Die eerste e-Hervormer gepubliseer

Ons by Die Hervormer is baie opgewonde om hierdie eerste uitgawe van e-Hervormer aan u te stuur. Ons dink dit kan die begin wees van ‘n nuwe en vinnige kommunikasiekanaal in die Kerk. Die bedoeling is, soos Charmaine in haar afskeidwoord gesê het, dat die lidmate van die Kerk en alle belangstellendes so gou en so effektief as moontlik ingelig oor gebeure in en om die Kerk kan wees. Dit sal dus gaan oor nuus, kennisgewings en aankondigings van belangrike gebeurtenisse of mense. Waar nodig sal ons ook kundiges kry om baie kortliks kommentaar op kontensieuse of sensitiewe kwessies te skryf.

Prof. Piet Geyser
Redakteur

Ons leef in ‘n wêreld waar die inligtingrewolusie reeds ou nuus is. Die Kerk mag nie in hierdie opsig agterbly nie. Dit is van wesenlike betekenis dat ons lidmate ingeligte mense sal wees wat op grond van goeie kennis gebalanseerde en gefundeerde besluite moet kan neem.
Kom ons lig die vlak van ons kommunikasie met ‘n paar kerwe. Dit sal natuurlik weer afhang van almal se samewerking. Ons sou graag wou sien dat die inligting ‘n pad sal vind na gemeentes se afkondigings op Sondae, maar ook na elkeen wat met rekenaars toegang het tot webwerwe. U kan daarop inteken. Ons sal ook baie graag inligting en nuus van gemeentes wil ontvang wat dan ook weer wyer bekend gemaak kan word. Die uitdaging is op op ons drumpel om ook deur middel van eietydse tegnologie ons belewing van die gemeenskap van gelowiges te bevorder en te beleef!
‘n Groot woord van dank aan ds Marthinus van Staden (Swartkop) wat reusewerk gedoen het om die formaat van e-Hervormer te ontwikkel. Voorstelle tot verbetering is welkom. Raak saam opgewonde oor hierdie kommunikasie moontlikhede!

Kontakbesonderhede:

Webwerwe/skakels:
Webblad van die Hervormde Kerk - www.nhk.co.za
Hervormer webwerf - www.hervormer.co.za
e-Hervormer - www.hervormer.co.za/page03.html
Hervormer LIG! - www.hervormer.co.za/age04.html

Epos adresse:
Redaksie - epos@hervormer.co.za
Nuus en berigte - nuus@hervormer.co.za

Inhoud:
Die e-Hervormer word uitgegee onder redaksie van Die Hervormer. Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

Teken in op e-Hervormer...
Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe per e-pos!

Stuur ‘n e-pos na epos@hervormer.co.za of besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en kliek op die ‘Teken in’-opsie.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Ek is gebore op 14 Februarie 2008. My doopname is Kerknuus e-Hervormer, maar vandag noem almal my Blitspos. Die doopnaam Kerknuus is eintlik ’n báie ou naam in die familie. Ek is op my tweede doopnaam e-Hervormer genoem tot 29 Januarie 2015 en vanaf 5 Februarie 2015 kry ek ’n nuwe naam en ’n nuwe baadjie! Dit was op my sewende verjaardag – reg vir Graad 1 in die groot skool Digitale Era.

Vars Kerknuus was vir lank informeel deur dr Fanie Pretorius, sekretaris van die Kommissie van die

Algemene Kerkvergadering, versamel en deur sy kantoor vrygestel, en hy het voortgegaan om dit formeel in e-Hervormer te plaas.

My ouers is die redaksie van Die Hervormer. Alle artikels, advertensies en kennisgewings moet goedgekeur word deur die redaksie. Prof Piet Geyser was die 2008-redakteur met my geboorte.

Daar was groot opgewondenheid toe ek gebore is! In die Kerkargief bewaar ons Kerk se argivaris, Nándor Sarkady, 'n plakboek oor my lewe.

Net om my oor die kleinbabastadium te help tot ek kon begin kruip, verskyn die tweede uitgawe eers twee weke later op Donderdag 28 Februarie, ook tweeweekliks in Maart en vanaf April 2008 weekliks.

Op my geboortedag het e-Hervormer gesê: *Ons is baie opgewonde om hierdie eerste uitgawe van e-Hervormer aan u te stuur. Ons dink dit kan die begin wees van 'n nuwe en vinnige kommunikasiekanaal in die Kerk.* Daar is geoordeel dat lidmate en belangstellendes so gou en so effektief moontlik ingelig moet wees oor gebeure in en om die Kerk. Daarom moes ék help om die vlak van kerklike kommunikasie met 'n paar kerwe te lig. Ek het deel geword van afkondigings op Sondae in kerkgeboue. Rekenaars en selfone bring my ook as't ware in die hand van intekenaars en besoekers aan die Kerk se webblad.

As nuwe baba was ek vol verrassings: 'n voorblad, beroepenuus, nuus van predikante, gemeentenuus, volgende week in die Kerk, algemene nuus, kennisgewings en advertensies, en 'n agterblad.

Groot nuus op die dag van my geboorte was Ben Schoeman, 'n kind van Gemeente Philadelphia, wat pas die Vodacom Unisa Internasionale Klavierkompetisie gewen het. Daar is ook berig oor Dowes se eie Afrikaanse Bybel. Vandag ken ons dié Bybel as Die Bybel vir Almal. Op Sondag 3 Februarie 2008 is die Bybel in ontvangs geneem op Worcester waar prof Bart Oberholzer, die voorsitter van die vertalingskomitee, gepreek het.

'n Gawe span slim mense sorg dat ek week na week op my beste lyk. Die redakteurs van Die Hervormer oor die afgelope 16 jaar, subredakteurs soos ds Etienne Fourie en ander, formaatontwikkelaars soos ds Marthinus van Staden, grafiese ontwerpers en uitlegkunstenaars Izelle Marx, Hannes Kloppers, Francis Nel en Hugo van Niekerk, en teksversorger-koördineerder Tessa Oppermann is eregaste by my verjaardagpartytjie.

Wil jy vir my kom kuier? Stuur 'n e-pos na **grafies@nhk.co.za** of **bladuitleg@nhk.co.za** en vra om in te teken. Dan kry jy my elke week gratis op jou digitale toestel. Kom soek my ook op die Kerk se webblad by **www.nhka.org**. By Google skryf jy in die soekvenster nhka.org. Dan gaan jy na die webblad toe. Klik op die boonste strepies wat jou na die menu (amper soos 'n spyskaart) toe vat. Onder Gesprek kies jy vir Blitspos. En siedaar! Nou kan jy meer van my sien. Jy is ook welkom om berigte, kerknuus en kort kommentaar van uiters 100 woorde aan **produksie@nhk.co.za** te stuur.

Hiep-hiep-hoera! Geluk met jou 16de verjaardag, Blitspos!

**Ds Carel Johann de Bruin**

Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk